
# God se genade



## Efesiërs 1:3-10

Gaan lees hierdie week se gedeelte in die Bybel saam met mamma en pappa. Wat is die een woord wat vir jou uitstaan in hierdie gedeelte? Dit is genade. Ons het al baie vir mekaar gesê wat "genade" beteken, maar kom ons kyk weer daarna. Die rede hoekom ons dit weer vir mekaar moet verduidelik is omdat dit so belangrik is om dit te verstaan, want dit is 'n baie wonderlike ding wat God aan ons geskenk het.

Die woord "genade" beteken die volgende:

Wanneer iemand genadig is teenoor jou beteken dit dat hulle vir jou iets gee wat jy nie verdien nie.

Lees weer vers 7. Hierdie vers sê vir jou wat die grootste genade is wat God aan jou geskenk het. Dit was natuurlik toe Hy sy enigste Seun gestuur het om vir jou sondes te sterf. Kan jy onthou hoekom?


Kom ons lees Johannes 3:16

> *"God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."*

Hierdie gedeelte sê vir jou presies hoekom. God was (en is) so lief vir die mensdom dat Hy vir Jesus gestuur het, om in ons plek dood te gaan en ons straf te dra vir alles wat ons verkeerd gedoen het, sodat ons vir ewig saam met Hom kan lewe. Hy het vir ons iets gegee (die ewige lewe) wat ons nie eintlik verdien het nie. Dit is die grootste geskenk wat ons almal kon ontvang – God se genade.

## Doen die volgende aktiwiteit:

Begin by die vraag aan die onderkant en volg die paadjie tot by die antwoord.




(Uit: *Die groot Bybel vir klein hartjies. Nuwe Testament inkleur-en-aktiwiteitsboek.*)